



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**REKENINGKUNDE**

**2018**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n 16 bladsy-antwoordeboek.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

<b>VRAAG 1: 35 punte; 20 minute</b>	
<b>Onderwerp:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Bankversoening en Beheer	<b>Finansiële rekeningkunde</b> Bankversoening <b>Bestuur van hulpbronne</b> Interne beheer

<b>VRAAG 2: 45 punte; 30 minute</b>	
<b>Onderwerp:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Vervaardiging	<b>Bestuursrekeningkunde</b> Begrippe en Produksiekostestaat Eenhedskoste en gelykbreek <b>Bestuur van hulpbronne</b> Interne beheer

<b>VRAAG 3: 40 punte; 25 minute</b>	
<b>Onderwerp:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Voorraadwaardasie	<b>Bestuur van hulpbronne</b> Begrippe en spesifieke identifikasiemetode Interne beheer

<b>VRAAG 4: 70 punte; 40 minute</b>	
<b>Onderwerp:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Balansstaat en Ouditverslag	<b>Finansiële rekeningkunde</b> Begrippe, Nota en Balansstaat <b>Bestuur van hulpbronne</b> Ouditverslag en korporatiewe bestuur

<b>VRAAG 5: 70 punte; 40 minute</b>	
<b>Onderwerp:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Vaste Bates, Kontantvloei en Vertolking	<b>Finansiële rekeningkunde</b> Kontantvloei en verhoudings Vertolking van finansiële inligting <b>Bestuur van hulpbronne</b> Vaste bates

<b>VRAAG 6: 40 punte; 25 minute</b>	
<b>Onderwerp:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Begroting	<b>Bestuursrekeningkunde</b> Kontantbegroting: ontleed en vertolk <b>Bestuur van hulpbronne</b> Interne beheer

**VRAAG 1: BANKVERSOENING EN BEHEER****(35 punte; 20 minute)**

Die volgende inligting het betrekking op Hartfield Verskaffers vir April 2018.

**GEVRA:**

- 1.1 Bankversoening:
- 1.1.1 Toon die inskrywings wat in die Kontantjoernale geboekstaaf moet word deur die tabel in die ANTWOORDEBOEK te voltooi. (14)
- 1.1.2 Bereken die Bankrekeningsaldo op 30 April 2018 in die Grootboek van Hartfield Verskaffers. (3)
- 1.1.3 Stel die Bankversoeningstaat op 30 April 2018 op. (8)
- 1.2 Die interne ouditeur is bekommerd oor die bestuur van kontant.
- 1.2.1 Verduidelik TWEE verskillende probleme om haar bekommernis te regverdig. Haal syfers aan. (4)
- 1.2.2 Gee raad (TWEE punte) oor hoe om sulke probleme in die toekoms te vermy. (2)
- 1.3 Verduidelik TWEE voordele van die gebruik van die elektroniese-fondsoordrag-(EFO/'EFT')-stelsel eerder as tjeks vir direkte betalings aan verskaffers. (4)

**INLIGTING:****A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 31 Maart 2018:**

Gunstige saldo volgens Bankstaat		R18 450
Uitstaande deposito's:	Gedateer 10 Maart 2018	12 675
	Gedateer 25 Maart 2018	25 000
Uitstaande tjeks:	502 (gedateer 19 Oktober 2017)	4 800
	613 (gedateer 24 April 2018)	13 400
	614 (gedateer 26 April 2018)	6 950
Gunstige saldo volgens Grootboekrekening		30 975

**LET WEL:**

- Die uitstaande deposito van R12 675 verskyn op die Bankstaat op 28 April 2018.
- Die uitstaande deposito van R25 000 verskyn nie op die Bankstaat vir April 2018 nie. 'n Ondersoek het getoon dat hierdie geld nooit gedeponeer is nie. Die kassiere wat in Maart in diens geneem is, het die land verlaat en kan nie opgespoor word nie.
- Tjek 614, R6 950, is vir betaling aangebied.

**B. Voorlopige totale in die Kontantjoernale op 30 April 2018 voordat die Bankstaat ontvang is:**

- Kontantontvangstejoernaal, R510 607
- Kontantbetalingsjoernaal, R488 260

**C. Inskrywing in die April 2018-Kontantontvangstejoernaal, nie in die April 2018-Bankstaat nie:**

DOKUMENTE	DATUM	BESONDERHEDE	BANK
Depositostrokie 998	20	Verkope	R10 000

**D. Inskrywings in die April 2018-Kontantbetalingsjoernaal, nie in die April 2018-Bankstaat nie:**

DOKUMENTE	DATUM	BESONDERHEDE	BANK
Tjek 652 (gedateer 24 Junie 2018)	25	MM Verskaffers	R5 650
S Small (*EFO)	30	Onttrekkings	R2 500

\*EFO: elektroniese fondsoordrag/direkte betaling

**E. Inligting op die April 2018-Bankstaat wat nie in die April 2018-Kontantjoernale verskyn nie:**

DATUM	BESONDERHEDE	DEBIET	KREDIET
10	M Mamba (*EFO deur huurder)		6 250
17	Kontantdeposito-geld	575	
18	Rente		145
21	Onbetaalde tjek: Apple	230	
24	Diensgeld	1 425	
28	Debietorder (Kruger Insurers)	1 850	
28	Debietorder (Kruger Insurers)	1 850	

**LET WEL:**

- Die onbetaalde tjek is van debiteur A Apple ontvang om sy rekening van R250 te vereffen.
- Die debietorder vir die maandelikse versekering verskyn twee keer op die Bankstaat. Die bank sal dit op die Bankstaat vir volgende maand regstel.

**F. Inligting in die April 2018-Bankstaat wat nie met die Kontantbetalingsjoernaal vir April 2018 ooreenstem nie:**

Tjek 633, geboekstaaf as R2 630 in die Kontantbetalingsjoernaal, verskyn korrek soos volg op die Bankstaat:	R6 230
---	--------

**G. Die Bankstaat op 30 April 2018 toon 'n saldo van R?.**

**VRAAG 2: VERVAARDIGING****(45 punte; 30 minute)**

- 2.1 Identifiseer EEN kosterekening vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die kosterekeninge langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

direkte arbeidskoste; direktemateriaal-/grondstofkoste; fabrieksbokoste;  
administrasiekoste; verkoop- en verspreidingskoste

- 2.1.1 Oninbare skulde gedurende die finansiële jaar afgeskryf
- 2.1.2 Pensionfondsbydraes namens die werkers in die produksieproses betaal
- 2.1.3 Vervoerkoste betaal vir grondstowwe aangekoop
- 2.1.4 Waardevermindering op kantoortoerusting (4 x 1) (4)

**2.2 TIGHT-FIT VERVAARDIGERS**

Die inligting het betrekking op Tight-Fit Vervaardigers, 'n onderneming wat denimbroeke vervaardig, vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2018.

**GEVRA:**

- 2.2.1 Bereken:
- Die waarde van die slotvoorraad van grondstowwe van Kledingstof (materiaal) deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik (4)
  - Die waarde van direkte materiaal/grondstowwe vir produksie uitgereik (3)
  - Die korrekte fabrieksbokoste (6)
- 2.2.2 Voltooi die Produksiekostestaat op 31 Maart 2018. (12)
- 2.2.3 Die onderneming koop grondstowwe by 'n oorsese verskaffer aan, alhoewel daar verskeie plaaslike verskaffers is. Gee TWEE redes waarom die onderneming plaaslike verskaffers moet ondersteun. (2)

**INLIGTING:****A. Voorraadsaldo's op 31 Maart:**

	2018	2017
Goedere-in-bewerking	?	R147 500
Klaarprodukte	R118 000	R231 000

**B. Grondstowwe (kledingstof/materiaal):**

Grondstowwe, wat uit meters kledingstof bestaan, word deur die stookkamer na die fabriek uitgereik.

**Stookkamervoorraadrekords:**

	METER	TOTALE BEDRAG R
Voorraad op 1 April 2017	5 000	535 000
Aankope:	18 700	2 072 000
Julie 2017	6 200	620 000
Oktober 2017	4 800	528 000
Januarie 2018	7 700	924 000
<b>Totaal beskikbaar vir produksie</b>	<b>23 700</b>	<b>2 607 000</b>
Voorraad op 31 Maart 2018	3 900	?

**C. Syfers wat op 31 Maart 2018 deur die boekhouer verskaf is:**

Lone van fabriekswerkers (direkte arbeid)	R3 522 000
Fabrieksbokoste (sien Inligting D hieronder)	R746 670
Administrasiekoste	R655 700
Verkoop- en verspreidingskoste	R413 900

**D. Aansuiwerings moet aan fabrieksbokoste gedoen word met betrekking tot die volgende:**

- Versekering van fabrieksaanleg en toerusting betaal was R69 600 en dit is foutiewelik na die Administrasiekosterekening gedebiteer. Hierby ingesluit is 'n nuwe jaarlikse premie van R17 400 wat op 1 Januarie 2018 betaal is.
- Huur word volgens die vloerspasië toegeken. Die boekhouer het egter slegs R14 820 korrek aan die administrasie-afdeling toegeken.

FABRIEK	ADMINISTRASIE- KANTOOR	TOTALE VLOEROPPERVLAKTE
520 m <sup>2</sup>	130 m <sup>2</sup>	650 m <sup>2</sup>

**E. Besonderhede van die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Maart 2018:**

Verkope	R9 747 000
Koste van verkope	6 518 000
Bruto wins	3 229 000

### 2.3 BREAK-TIME VERVAARDIGERS

Break-Time Vervaardigers is 'n vervaardigingsonderneming wat kosblikke vir skoolkinders vervaardig.

#### GEVRA:

2.3.1 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 30 April 2018:

- Direkte arbeidskoste (2)
- Gelykbreekpunt (4)

2.3.2 Verduidelik waarom die eienaar oor die gelykbreekpunt bekommerd moet wees. Haal syfers aan. (3)

2.3.3 Die eienaar is bekommerd oor die direkte arbeidskoste.

- Verduidelik waarom die eienaar NIE met die direkte arbeidskoste per eenheid tevrede sal wees NIE. Haal syfers aan. (3)
- Gee EEN oplossing vir hierdie probleem. (2)

#### INLIGTING OP 30 APRIL:

	2018		2017	
	TOTALE KOSTE	PER EENHEID	TOTALE KOSTE	PER EENHEID
Direkte arbeidskoste (basies en oortyd)	?	R7,56	R1 646 400	R5,60
Totale vaste koste	R3 102 500	R9,36	R1 989 000	R6,77
Totale veranderlike koste	R6 464 250	R19,50	R4 704 000	R16,00
Verkoopprijs per eenheid	R28,00		R24,50	
Getal eenhede vervaardig en verkoop	331 500 eenhede		294 000 eenhede	
Gelykbreekpunt	?		234 000 eenhede	

**HOU HIERDIE BLADSY  
BLANKO.**

**VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE****(40 punte; 25 minute)****3.1 SPEEDY FIETSE**

Jy word voorsien van inligting vir die jaar geëindig 31 Mei 2018. Die eienaar is Fred Fakude. Die onderneming verkoop verskillende fietsmodelle. Fred gebruik die periodieke voorraadwaardasiestelsel en die spesifieke identifikaasietegniek om voorraad te waardeer.

**GEVRA:****3.1.1 Bereken:**

- Waarde van die slotvoorraad van fietse op 31 Mei 2018 (8)
- Koste van verkope vir die jaar geëindig 31 Mei 2018 (4)
- Bruto wins vir die jaar geëindig 31 Mei 2018 (3)

**3.1.2** Fred is tevrede dat hy ongeveer 18 Cruze-fietse per maand verkoop. Hy is egter bekommerd dat die nuwe Ryder-model, ten spyte van die laer verkoopprijs daarvan, nie so vinnig soos die Cruze-model verkoop nie.

- Bereken die verkoopprijs van 'n Ryder-fiets. (3)
- Bereken die gemiddelde getal Ryder-fietse wat per maand verkoop word. (3)
- Dui aan hoe lank dit Fred sal neem om die slotvoorraad van die Ryder-fietse te verkoop. Toon berekeninge. (3)
- Gee EEN moontlike rede vir die stadige verkoop van Ryder-fietse, en gee vir Fred raad (EEN punt) in hierdie verband. (4)

**INLIGTING:**

**A.** Drie verskillende fietsmodelle is gedurende die 2018 finansiële jaar verkoop.

MODEL	WINS- OPSLAG	EENHEDE VERKOOP	VERKOPE	ANDER INLIGTING
Tempo	60%	66	R897 600	Hierdie model word nie meer vervaardig nie.
Cruze	60%	220	R3 308 800	
Ryder	35%	98	R979 020	Hierdie model is op 1 Sep. 2017 bekendgestel.
<b>TOTALE VERKOPE</b>			<b>R5 185 420</b>	

**B. Aanvangsvoorraad:**

DATUM	MODEL	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID	TOTAAL
1 Jun. 2017	Tempo	70	R8 500	R595 000
	Cruze	0		

**C. Aankope en terugsendings:**

DATUM	MODEL	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID	TOTAAL
<b>AANKOPE:</b>				
1 Jun. 2017	Cruze	260	R9 400	R2 444 000
1 Sep. 2017	Ryder	200	R7 400	R1 480 000
<b>TERUGSENDINGS:</b>				
Feb. 2018	Ryder	45	R7 400	(R333 000)
<b>Netto aankope</b>				<b>R3 591 000</b>

**3.2 BESTUUR VAN VOORRADE: CELIA SE KLERE**

Celia Mtolo besit 'n klein klere-onderneming. Jy word voorsien van inligting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. Die onderneming verkoop T-hemde, baadjies en broeke.

Celia het aan die begin van die 2018 finansiële jaar sekere besluite geneem.

**GEVRA:**

Haal relevante syfers vir AL die vrae hieronder aan.

**3.2.1 T-hemde:**

Verduidelik waarom dit NIE 'n goeie idee was om na 'n goedkoper verskaffer van T-hemde te verander NIE. Noem TWEE punte. (4)

**3.2.2 Baadjies:**

Celia het besluit om in 2018 van verskaffer te verander en om die winsopslag-% te verander.

Hoe het hierdie besluit die onderneming geraak? Noem TWEE punte. (4)

**3.2.3 Broeke:**

Celia het in die 2018 finansiële jaar die verkoopprijs van broeke beduidend verlaag in reaksie op 'n nuwe mededinger wat soortgelyke broeke teen R990 verkoop

Gebaseer op die inligting hieronder, maak TWEE afsonderlike voorstelle aan Celia om in 2019 die wins op broeke te verbeter. (4)

**INLIGTING:**

	T-HEMDE		BAADJIES		BROEKE	
	2018	2017	2018	2017	2018	2017
Bruto eenhede verkoop	1 200	1 080	150	165	280	325
Terugsendings deur klante	40	0	0	5	15	15
Verkoopprijs	R75	R120	R1 650	R1 085	R910	R1 054
Kosprys	R50	R80	R1 000	R700	R650	R620
Winsopslag-%	50%	50%	65%	55%	40%	70%
Bruto wins	R29 000	R43 200	R97 500	R61 600	R68 900	R134 540

**VRAAG 4: BALANSSTAAT EN OUDITVERSLAG****(70 punte; 40 minute)****4.1 BEGRIPPE**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs die 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 'n Vaste deposito wat binne die volgende 12 maande verval, sal as kontant en kontantekwivalente in die Balansstaat getoon word.

4.1.2 Verdienste per aandeel word bereken deur die netto wins voor belasting te gebruik.

4.1.3 Daar word ook na netto bedryfsbates as netto bedryfskapitaal verwys.

4.1.4 Voorsiening vir oninbare skulde is 'n las.

4.1.5 Totale kapitaal aangewend bestaan slegs uit gewone aandeelhouerskapitaal en behoue inkomste. (5 x 1) (5)

**4.2 MODISE BPK.**

Die inligting hieronder het betrekking op Modise Bpk. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2018 geëindig.

**GEVRA:**

4.2.1 Stel die Behoue-inkomste-nota tot die Balansstaat op 28 Februarie 2018 op. (12)

4.2.2 Voltooi die Balansstaat op 28 Februarie 2018. Toon ALLE bewerkings. (38)

4.2.3 Die direkteure wil R500 000 aan 'n plaaslike skool gee. Gee TWEE redes waarom maatskappye sulke besluite neem. (4)

**INLIGTING:****A. Uittreksel van saldo's op 28 Februarie 2018:**

	<b>R</b>
Gewone aandeelkapitaal	13 650 000
Behoue inkomste (1 Maart 2017)	567 000
Vaste bates teen drawaarde	?
Vaste deposito: Peoples Bank	?
Lening van direkteur	630 000
Debiteurekontrole	554 000
Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2017)	31 300
Bank (gunstig)	?
Handelsvoorraad	1 015 000
Verbruiksgoedere voorhande	25 000
Krediteurekontrole	?
Vooruitbetaalde uitgawes	19 240
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	900 000

**B. Aandelekapitaal:**

- Die gemagtigde aandelekapitaal van Modise Bpk. is 6 500 000 gewone aandele.
- 250 000 aandele is op 20 Februarie 2018 teen 25 sent bo die gemiddelde aandeelprys teruggekoop. Dit is aangeteken.
- Die gewone aandelekapitaal het op 28 Februarie 2018 uit 4 550 000 gewone aandele bestaan.

**C. Dividende:**

- Interimdividende van R672 000 is op 28 Augustus 2017 betaal.
- 'n Finale dividend van 36 sent per aandeel is op 28 Februarie 2018 verklaar. Alle aandele (insluitend die aandele wat op 20 Februarie 2018 teruggekoop is) kwalifiseer vir finale dividende.

**D. Netto wins voor belasting:**

- Nadat alle relevante inligting in berekening gebring is, is die netto wins voor belasting akkuraat op R3 400 000 bereken.
- Inkomstebelasting teen 27% van die netto wins moet in berekening gebring word.

**E. Vaste deposito:**

Die rente op die vaste deposito is R48 000. Die vaste deposito is op 1 Mei 2017 teen 8% p.j. belê.

**F. Lening van direkteur:**

- Die rentevrye lening is op 1 September 2015 ontvang.
- Die lening moet oor ses jaar in gelyke maandelikse paaiemente terugbetaal word. Die eerste terugbetaling is op 30 September 2015 gemaak. Alle betalings is tot op datum gedoen.

**G. Voorsiening vir oninbare skulde:**

Die voorsiening vir oninbare skulde moet tot 6% van die uitstaande debiteure aangepas word.

**H. Die bedryfsverhouding na alle aansuiwerings is as 1,5 : 1 bereken.**

### 4.3 OUDITVERSLAG

Jy word voorsien van 'n uittreksel van die ouditverslag van die onafhanklike ouditeure van Denga Beperk.

#### GEVRA:

- 4.3.1 Verduidelik kortliks die rol van 'n onafhanklike ouditeur. (2)
- 4.3.2 Het Denga Beperk 'n gekwalifiseerde/ongekwalifiseerde/weerhouding-van-mening-ouditverslag gekry? Verduidelik jou keuse kortliks. (3)
- 4.3.3 Noem DRIE moontlike gevolge vir die onafhanklike ouditeur as hy die advertensieuitgawe NIE in sy verslag genoem het NIE. (6)

#### INLIGTING:

##### UITTREKSEL UIT DIE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

###### **Onafhanklike Ouditeure se Verantwoordelikheid**

Ons het die jaarlikse finansiële state van Denga Beperk, op bladsye 27 tot 41 uiteengesit, vir die jaar geëindig 31 Maart 2017, geaudit. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om 'n mening, wat op ons audit gebaseer is, oor hierdie finansiële state uit te spreek.

###### **Basis vir ...-mening**

Die advertensie-uitgawe van R500 000 in die Inkomstestaat kon nie geverifieer word nie, aangesien geen dokumentasie vir 'n gedeelte van hierdie uitgawe bestaan het nie.

###### **... Ouditmening**

Na ons mening, behalwe vir die advertensie-uitgawe in die Inkomstestaat wat nie geverifieer kon word nie, is die finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van die maatskappy op 31 Maart 2017.

**Khan & Kruger**

**Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA), 15 Mei 2017**

**VRAAG 5: VASTE BATES, KONTANTVLOEI EN VERTOLKING****(70 punte; 40 minute)**

- 5.1 Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by die gebruiker van finansiële state in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A tot D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Vakbonde	A	wil verseker word dat hulle belegging in die maatskappy wys gebruik word
5.1.2	SAID	B	gebruik die finansiële state om besluite oor die bestuur van die maatskappy te neem
5.1.3	Aandeelehouers	C	sien toe dat hulle lede regverdig betaal word
5.1.4	Direkteure	D	moet verseker word dat inkomstebelasting op die netto wins korrek bereken word

(4 x 1) (4)

5.2 **MALOTRA BPK.**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Malotra Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2018. Die maatskappy is met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 200 000 gewone aandele geregistreer.

**GEVRA:**5.2.1 **Verwys na inligting A.**

Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur **(a)** tot **(d)** op die Vastebatenota. (16)

5.2.2 Bereken die netto wins na inkomstebelasting op 28 Februarie 2018. (3)

5.2.3 Bereken die volgende vir die Kontantvloeiastaat:

- Dividende betaal (4)
- Fondse gebruik om aandele terug te koop (5)
- Opbrengs uit aandele uitgereik (5)

5.2.4 Voltooi die afdeling vir Kontant en Kontantekwivalente in die Kontantvloeiastaat. (4)

5.2.5 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2018:

- Vuurproefverhouding (4)
- Skuld-ekwiteit-verhouding (3)
- Opbrengs op gemiddelde aandeelehouersbelang (5)

- 5.2.6 Die direkteure het besluit om die lening gedurende die huidige finansiële jaar te verhoog. Verduidelik of dit 'n goeie besluit was, of nie. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan. (6)
- 5.2.7 Lewer kommentaar op die prys betaal vir die aandele terugkoop op 1 Januarie 2018. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan. (5)
- 5.2.8 Thandi Nene besit 416 000 aandele in die maatskappy. Toe die direkteure in Oktober 2017 besluit het om 'n verdere 200 000 aandele uit te reik, het sy besluit om nie nog aandele te koop nie en eerder haar fondse op 'n oorsese vakansie te bestee.
- Verduidelik waarom jy voel dat Thandi die verkeerde besluit geneem het. Haal relevante syfers of berekeninge aan om jou mening te staaf. (6)

**INLIGTING:****A. Onvolledige Vastebatenota:**

	<b>GROND EN GEBOU</b>	<b>VOERTUIE</b>	<b>TOERUSTING</b>
<b>Drawaarde (1 Mrt. 2017)</b>	4 256 350	535 250	
Kosprys		<b>(b)</b>	1 500 000
Opgehoopde waardevermindering		(419 750)	(595 000)
<b>Bewegings:</b>			
Toevoegings	<b>(a)</b>	<b>(c)</b>	0
Verkope		0	<b>(e)</b>
Waardevermindering		(195 000)	<b>(d)</b>
<b>Drawaarde (28 Feb. 2018)</b>	6 192 350		626 000
Kosprys		1 415 000	
Opgehoopde waardevermindering			

- 'n Uitbreiding van die stoorkamer en verbeteringe aan die geboue is gedurende die finansiële jaar voltooi.
- 'n Nuwe voertuig is op 1 Junie 2017 aangekoop.
- Ou toerusting is op 28 Februarie 2018 teen drawaarde geskrap.
- Waardeverminderingsbeleid: Voertuie: 15% op kosprys  
Toerusting: 20% op drawaarde

**B. Inkomstebelasting:**

- Inkomstebelasting teen 30% van die netto inkomste beloop R286 200.

**C. Dividende:**

- Interimdividende is op 31 Augustus 2017 betaal.
- Finale dividende is op 28 Februarie 2018 verklaar.
- Slegs aandeelhouers in die aandeleregister het vir dividende gekwalifiseer.
- Dividende vir die huidige finansiële jaar betaal en verklaar: R332 000

**D. Gewone Aandelekapitaal:**

800 000	Gewone aandele op 1 Maart 2017	R5 760 000
200 000	Aandele uitgereik op 1 Oktober 2017	?
(120 000)	Aandele teruggekoop op 1 Januarie 2018	?
880 000	Gewone aandele op 28 Februarie 2018	R6 512 000

**LET WEL:** Aandele is teen 60 sent bo die gemiddelde aandeleprys teruggekoop.

**E. Inligting geneem uit die Finansiële State op 28 Februarie:**

	2018 R	2017 R
Vaste deposito: Sisi Bank	100 000	240 000
Lening: Mihla Bank	1 500 000	600 000
Bedryfsbates (voorrade ingesluit)	1 136 700	1 246 400
Voorrade	471 100	717 550
Bedryfslaste	512 000	755 500
Kontant en kontantekwivalente	36 400	2 400
Oortrokke bankrekening	0	112 000
Aandeelhoudersbelang	6 843 300	5 826 500
Aandeelhouders vir dividende	132 000	176 000

**F. Finansiële aanwysers op 28 Februarie:**

	2018	2017
Bedryfsverhouding	2,2 : 1	1,6 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,7 : 1
Skuld-ekwiteit-verhouding	?	0,1 : 1
Verdienste per aandeel	77 sent	87 sent
Dividende per aandeel	40 sent	80 sent
Opbrengs op gemiddelde ekwiteit (OOAB)	?	11,9%
Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OTKA)	14,6%	16,4%
Netto batewaarde	778 sent	728 sent
Rentekoers op lenings	12%	11%
Markwaarde van aandele op JSE	*780 sent	725 sent

\***LET WEL:** Hierdie waarde is onveranderd oor die afgelope drie maande.

**VRAAG 6: BEGROTING****(40 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Magic Handelaars. Die eienaar van die onderneming is Tony Salotte.

**GEVRA:**

6.1 Voltooi die volgende stellings:

6.1.1 Die hoofdoel van 'n Kontantbegroting is om ... (2)

6.1.2 Die hoofdoel van 'n Geprojekteerde Inkomstestaat is om ... (2)

6.2 Debiteure-invorderingskedule en Geprojekteerde Inkomstestaat:

6.2.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Junie 2018. (7)

6.2.2 Bepaal die volgende bedrae wat in die Geprojekteerde Inkomstestaat sal verskyn:

- Korting toegestaan vir Mei 2018 (3)
- Oninbare skulde in Junie 2018 afgeskryf (3)

6.3 Bereken die volgende:

- Kontantverkope vir Mei 2018 (2)
- Betaling aan krediteure in Junie 2018 (4)
- Salarisse vir Mei 2018 (5)

6.4 Tony het die begrote syfers met die werklike syfers vir April 2018 vergelyk.

	BEGROOT	WERKLIK
Verkope	R480 000	R576 000
Advertensies	R8 000	R11 000
Lone van skoonmakers	R9 000	R12 500
Skoonmaakmateriaal	R1 200	R2 700
Betaling aan krediteure	R224 000	R0

6.4.1 Tony is nie bekommerd oor die oorbesteding in advertensies nie. Verduidelik waarom dit so is. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)

6.4.2 Noem EEN gevolg daarvan as die bedrag verskuldig aan krediteure in April 2018 nie betaal word nie. (2)

6.4.3 Verwys na die syfers hierbo en Inligting F. Noem TWEE punte ten gunste van die aanstelling van Gentex Skoonmaakdienste. Verduidelik ook EEN punt wat Tony in aanmerking moet neem voordat hy hierdie besluit neem. (6)

**INLIGTING:****A.** Totale verkope:

	<b>WERKLIK</b>	<b>BEGROOT</b>
Maart 2018	R420 000	
April 2018	R480 000	
Mei 2018		R300 000
Junie 2018		R360 000

**B.** Kontantverkope beloop 40% van totale verkope.**C.** Daar word van debiteure verwag om soos volg te betaal:

- 30% in die maand van verkope. Hulle ontvang 'n korting van 5% vir vereffening.
- 60% in die maand wat op die verkope volg
- 9% in twee maande na die maand van verkope
- 1% word as oninbare skuld in die derde maand na verkope afgeskryf

**D.** Aankope en betaling aan krediteure:

- Die onderneming handhaaf 'n vastevoorraad-basisvlak.
- Goedere word teen 'n winsopslag van 50% op kosprys verkoop.
- 80% van alle goedere aangekoop, is op krediet.
- Krediteure word ten volle betaal in die maand wat op die aankope volg.

**E.** Salarisse:

- Totale salarisse vir April 2018 is R101 500.
- Daar is 7 werknemers wat dieselfde maandelikse salaris verdien.
- 1 werknemer sal op 30 April 2018 bedank en vertrek.
- 4 werknemers sal elk in Mei 2018 'n bonus van 80% van hul salaris ontvang.

**F.** Die onderneming betaal lone aan twee skoonmakers, waarvan een in April op siekverlof was en 'n plaasvervanger in diens geneem moes word. Tony is bekommerd dat te veel geld op skoonmaak vermors word. Hy dink dat hy Gentex Skoonmaakdienste moet kontrakteer om die hele skoonmaakproses oor te neem. Hulle sal R8 000 per maand hef.

40

**TOTAAL: 300**

PLAKKER

SENTRUMNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**REKENINGKUNDE**

**GRAAD 12**

**2018**

***SPEZIALE ANTWOORDEBOEK***

VRAAG	PUNTE	PARAAF	MOD.
1			
2			
3			
4			
5			
6			
TOTAAL			

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 16 bladsye.



**1.2 Die interne ouditeur is bekommerd oor die bestuur van kontant.**

**1.2.1 Verduidelik TWEE verskillende probleme om haar bekommernis te regverdig. Haal syfers aan.**

**Probleem 1:**

**Probleem 2:**

4

**1.2.2 Gee raad (TWEE punte) oor hoe om sulke probleme in die toekoms te vermy.**

**Punt 1:**

**Punt 2:**

2

**1.3 Verduidelik TWEE voordele van die gebruik van die elektroniese-fondsoordrag- (EFO/'EFT')-stelsel eerder as tjeks vir direkte betalings aan verskaffers.**

**Voordeel 1:**

**Voordeel 2:**

4

<b>TOTALE PUNTE</b>
<b>35</b>

## VRAAG 2

## 2.1

2.1.1			4
2.1.2			
2.1.3			
2.1.4			

## 2.2 TIGHT-FIT VERVAARDIGERS

## 2.2.1

Bereken: Waarde van die slotvoorraad van grondstowwe		4
Bewerkings	Antwoord	

Bereken: Waarde van direkte materiaal/grondstowwe vir produksie		3
Bewerkings	Antwoord	

Bereken: Korrekte fabrieksbokoste		6
Bewerkings	Antwoord	
746 670		

## 2.2.2 Produksiekostestaats vir die jaar geëindig 31 Maart 2018.

		12
Direkte arbeidskoste		
Primêre koste		
Totale produksiekoste		
Goedere-in-bewerking aan begin van jaar	147 500	
Koste van produksie van klaarprodukte		

2.2.3 Gee TWEE redes waarom die onderneming plaaslike verskaffers moet ondersteun.

Rede 1:

Rede 2:

2

2.3 BREAK-TIME VERVAARDIGERS

2.3.1 Bereken die direkte arbeidskoste vir die jaar geëindig 30 April 2018.

Bewerkings	Antwoord

2

Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 30 April 2018.

Bewerkings	Antwoord

4

2.3.2 Verduidelik waarom die eienaar oor die gelykbreekpunt bekommerd moet wees. Haal syfers aan.

3

2.3.3 Verduidelik waarom die eienaar NIE met die direkte arbeidskoste per eenheid tevrede sal wees NIE. Haal syfers aan.

Gee EEN oplossing vir hierdie probleem.

3

2

TOTALE PUNTE

--

45
----

**VRAAG 3**3.1.1 **Bereken die waarde van die slotvoorraad van fietse op 31 Mei 2018.**

	Bewerkings	Antwoord
Tempo		
Cruze		
Ryder		

8

**Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 31 Mei 2018.**

Bewerkings	Antwoord

4

**Bereken die bruto wins vir die jaar geëindig 31 Mei 2018.**

Bewerkings	Antwoord

3

3.1.2 **Bereken die verkoopprijs van 'n Ryder-fiets.**

Bewerkings	Antwoord

3

**Bereken die gemiddelde getal Ryder-fietsse wat per maand verkoop word.**

Bewerkings	Antwoord

3

**Dui aan hoe lank dit Fred sal neem om die slotvoorraad van die Ryder-fietsse te verkoop. Toon berekeninge.**

Bewerkings	Antwoord

3

**Gee EEN moontlike rede vir die stadige verkoop van Ryder-fietse.**

**Gee vir Fred raad (EEN punt) in hierdie verband.**

4

**3.2.1 Verduidelik waarom dit NIE 'n goeie idee was om na 'n goedkoper verskaffer van T-hemde te verander NIE. Noem TWEE punte.**

**Punt 1:**

**Punt 2:**

4

**3.2.2 Celia het besluit om in 2018 van verskaffer te verander en om die winsopslag-% te verander. Hoe het hierdie besluit die onderneming geraak? Noem TWEE punte.**

**Punt 1:**

**Punt 2:**

4

**3.2.3 Maak TWEE afsonderlike voorstelle aan Celia om in 2019 die wins op broeke te verbeter.**

**Punt 1:**

**Punt 2:**

4

<b>TOTALE PUNTE</b>
40

**VRAAG 4**

4.1

4.1.1	
4.1.2	
4.1.3	
4.1.4	
4.1.5	

5

4.2 MODISE BPK.

4.2.1 BEHOUE-INKOMSTE-NOTA

Saldo aan begin van jaar	R567 000
Gewone aandeledividende	
Saldo aan einde van jaar	

12

## 4.2.2 MODISE BPK.

## BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2018

<b>BATES</b>	
<b>Niebedryfsbates</b>	
<b>Vaste bates</b>	
<b>Bedryfsbates</b>	
<b>Voorrade</b>	
<b>TOTALE BATES</b>	
<b>EKWITEIT EN LASTE</b>	
<b>Gewone aandeelhoudersbelang</b>	
<b>Gewone aandeelkapitaal</b>	<b>13 650 000</b>
<b>Niebedryfslaste</b>	
<b>Bedryfslaste</b>	<b>2 600 000</b>
<b>Handels- en ander betaalbare bedrae</b>	
<b>Aandeelhouders vir dividende</b>	
<b>SAID: Inkomstebelasting</b>	
<b>TOTALE EKWITEIT EN LASTE</b>	

4.2.3 Die direkteur wil R500 000 aan 'n plaaslike skool gee. Gee TWEE redes waarom maatskappye sulke besluite neem.

4

### 4.3 OUDITVERSLAG

4.3.1 Verduidelik kortliks die rol van 'n onafhanklike ouditeur.

2

4.3.2 Het Denga Beperk 'n gekwalifiseerde/ongekwalifiseerde/weerhouding-van-mening-ouditverslag gekry?

Verduidelik jou keuse kortliks.

3

4.3.3 Noem DRIE moontlike gevolge vir die onafhanklike ouditeur as hy die advertensieuitgawe NIE in sy verslag genoem het NIE.

Punt 1:

Punt 2:

Punt 3:

6

TOTALE PUNTE
70

**VRAAG 5**

5.1

<b>5.1.1</b>	
<b>5.1.2</b>	
<b>5.1.3</b>	
<b>5.1.4</b>	

<b>4</b>

5.2 **MALOTRA BPK.**

5.2.1

	<b>Bewerkings</b>	<b>Antwoord</b>
(a)		
(b)		
(c)		
(d)		
(e)		

<b>16</b>

5.2.2

<b>Bereken die netto wins na inkomstebelasting op 28 Februarie 2018.</b>	
<b>Bewerkings</b>	<b>Antwoord</b>

<b>3</b>

5.2.3

<b>Bereken die dividende betaal.</b>	
<b>Bewerkings</b>	<b>Antwoord</b>
<b>Bereken die fondse gebruik om aandele terug te koop.</b>	
<b>Bewerkings</b>	<b>Antwoord</b>
<b>Bereken die opbrengs uit aandele uitgereik.</b>	
<b>Bewerkings</b>	<b>Antwoord</b>

<b>4</b>

<b>5</b>

<b>5</b>

5.2.4	<b>Netto verandering in kontant en kontantekwivalente</b>		
	<b>Kontant en kontantekwivalente (beginsaldo)</b>		
	<b>Kontant en kontantekwivalente (eindsaldo)</b>		<b>4</b>

5.2.5	<b>Bereken die vuurproefverhouding.</b>		
	<b>Bewerkings</b>	<b>Antwoord</b>	
			<b>4</b>

	<b>Bereken die skuld-ekwiteit-verhouding.</b>		
	<b>Bewerkings</b>	<b>Antwoord</b>	
			<b>3</b>

	<b>Bereken die opbrengs op aandeelhoudersbelang.</b>		
	<b>Bewerkings</b>	<b>Antwoord</b>	
			<b>5</b>

5.2.6	<b>Die direkteure het besluit om die lening gedurende die huidige finansiële jaar te verhoog. Verduidelik of dit 'n goeie besluit was, of nie. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan.</b>	
		<b>6</b>

5.2.7 Lewer kommentaar op die prys betaal vir die aandele terugkoop op 1 Januarie 2018. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan.

5

5.2.8 Thandi Nene besit 416 000 aandele in die maatskappy. Toe die direkteure in Oktober 2017 besluit het om 'n verdere 200 000 aandele uit te reik, het sy besluit om nie nog aandele te koop nie en eerder haar fondse op 'n oorsese vakansie te bestee.

Verduidelik waarom jy voel dat Thandi die verkeerde besluit geneem het. Haal relevante syfers of berekeninge aan om jou mening te staaf.

Berekeninge:

Verduideliking:

6

TOTALE PUNTE
70

**VRAAG 6**

6.1.1 Die hoofdoel van 'n Kontantbegroting is om ...

6.1.2 Die hoofdoel van 'n Geprojekteerde Inkomstestaat is om ...

4

6.2.1 Debiteure-invorderingskedule:

	KREDIETVERKOPE	MEI 2018	JUNIE 2018
Maart 2018	252 000	22 680	
April 2018	288 000	172 800	
Mei 2018		51 300	
Junie 2018	216 000		
<b>Kontant van debiteure</b>		<b>246 780</b>	

7

6.2.2 Bepaal die korting toegestaan vir Mei 2018.

Bewerkings	Antwoord

3

Bepaal die oninbare skulde in Junie 2018 afgeskryf.

Bewerkings	Antwoord

3

6.3 Bereken die kontantverkope vir Mei 2018.

Bewerkings	Antwoord

2

Bereken die betaling aan krediteure in Junie 2018.

Bewerkings	Antwoord

4

<b>Bereken die salarisse vir Mei 2018.</b>	
<b>Bewerkings</b>	<b>Antwoord</b>

<b>5</b>

6.4.1 Tony is nie bekommerd oor die oorbesteding in advertensies nie. Verduidelik waarom dit so is. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf.

<b>4</b>

6.4.2 Noem EEN gevolg daarvan as die bedrag verskuldig aan krediteure in April 2018 nie betaal word nie.

<b>2</b>

6.4.3 Noem TWEE punte ten gunste van die aanstelling van Gentex Skoonmaakdienste.

Punt 1:

Punt 2:

Verduidelik EEN punt wat Tony in aanmerking moet neem voordat hy hierdie besluit neem.

<b>6</b>

<b>TOTALE PUNTE</b>
<b>40</b>



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

### REKENINGKUNDE

2018

### NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 300**

#### NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringssyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui in memo vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Hierdie memorandum is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of per memo.
10. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Waar metodepunte toegeken word vir een deel korrek, moet die nasiener die redelikheid van die antwoord ondersoek en ten minste een deel korrek, voor die punt toegeken word. As 'n syfer 'n metodepunt verdien het word dit beskou 'een deel korrek'
11. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n .
